ELS NUUS – APRIL 2015

Campus Crusade for Christ SA - Ekurhuleni

Liewe Vriende,

GCM (GLOBAL CHURCH MOVEMENT)

MC² Opleiding

Ons besoek nog elke week ons pastore in Katlehong en monitor hul vordering met die vermenigvuldiging van dissipels en selgroepe. Dit gaan baie goed met die groep - daar is by die 5 lede van die oorspronklike groep, reeds nuwe groepe gestig. Hulle werk hard aan hierdie groepies van hulle. Ons kan net vra dat julle gereeld vir hierdie groepies sal intree in gebed, vir hulle groei en vir die MC² proses.

Jesus Film

Ons het in Maart twee Jesus Film - vertonings gehad. Een van ons pastore van Katlehong, Pastoor Nehemiah, het 'n Jesus Film - vertoning gehad in Daveyton. Daar het omtrent net jongmense en klein kinders opgedaag, maar aan die einde van die film, het meeste van die groep opgestaan en hul name kom opgee vir opvolg. Bid asseblief vir hierdie nuwe gelowiges, dat hul sal volhard in die besluit wat hul gemaak het.

Ons volgende filmvertoning was hier in Brakpan, saam met Pastoor Zipho se gemeente. Die gehoor het al van vroegaand af begin stoele en komberse bring om te kom kyk. Na die film het Pastoor Zipho 'n uitnodiging gerig om Jesus aan te neem en die gehoor het soos een man opgestaan en na vore gekom om hul name op te gee. Pastoor Zipho het die volgende Sondag weer die groep besoek vir opvolg. Hy ry tans elke Sondagoggend en -aand die nuwe bekeerlinge aan om by sy gemeente in te skakel. Bid vir hierdie nuwe lede van Latter Harvest Ministries, dat hul waarlik en opreg sal aanhou op hierdie nuwe pad en dat die persone wat hulle moet opvolg, nie sal uitsak nie.

"STUDENT LED MOVEMENT"

Met ons studentebyeenkomste gaan dit nog goed. Dit is 'n wonderlike voorreg om saam met hierdie jongmense die Here te ontdek, Sy naam te loof en prys. Ons bedien tans net op die Ekurhuleni Business College kampus in Brakpan.

"LEADER LED MOVEMENT"

Campus Crusade is in vennootskap met die EBI (Ekurhuleni Business Initiative), wat elke Maandagaand op verskeie plekke in die Ekurhuleni omgewing by besighede bymekaarkom. Die EBI skep 'n platform waar besighede kan netwerk. So het dit vir ons as Campus Crusade die geleentheid geskep om die Besigheidsektor hier op ons voorstoep te bedien. Die verskil word gemaak wanneer die leiers in 'n besigheid die leiding neem om hul werkers te evangeliseer en te dissipeleer.

Pastorale Opleidingskool

Die vordering vir die skool gaan stadig, maar seker. Ons mikpunt is om eers die boonste vloer klaar te maak om die kantore uit te verhuur vir 'n inkomste vir ons skool. Daar is ongelukkig al twee keer by die gebou ingebreek oor Desember 2014 en Maart 2015. Darem nie te veel skade nie. Bid asseblief vir ons vir tyd om hierdie projek nou af te handel. Ons sien baie uit om hierdie jaar nog met ons eerste inname van pastore te begin.

Gebed:

1. Ons se dankie vir Sarie wat voltyds hier by ons kantoor ingeskakel het. Dina wat op 'n vrywillige basis by ons inskakel. Julle sal vir Oom Rudi Prinsloo onthou wat die kantoor saam ons begin het. Hy sluit weer vanaf 1 Mei 2015 by ons aan as voltydse vrywillige en ons is die Here baie dankbaar daarvoor.
2. Ons sê dankie vir die nuwe "Multiplying" groepe wat ontstaan het by ons groep pastore in Katlehong. Bid asseblief vir die aanhoudende groei en opvolg van hierdie nuwe groepe.

3. Bid asseblief vir ons studente, dat hulle ook in hul daaglikse omgewing die evangelie sal verkondig met ‘n passie en liefde vir alle mense en Jesus.
4. Bid asseblief vir ons besigheidsbediening (LLM), dat daar ‘n verandering sal kom by bestuur en leierskap en dat die Heilige Gees die mense in hul werksplek se harte sal verander om ‘n verskil te maak.
5. **Persoonlik:** Bid asseblief vir ons dat die Heilige Gees in elke finansiële besluit wat ons moet neem, goeie rentmeesterskap sal weerspieël, en vir volgehoue energie en krag om die visie wat CCCSA het voluit na te streef en uit te leef.
6. Ons sê dankie vir nog twee nuwelinge (seuntjie en dogtertjie) wat bygevoeg word by ons gesin. Chanelle en Juan verwag ‘n tweeling. Bid asseblief vir die nuwe tweetjies vir goeie gesondheid en groei. Die nuwelinge gaan hul verskyning maak in Julie/Augustus 2015.
7. Bid asseblief vir Rochelle ons jongste dogter, vir gesondheid asook vir wysheid in haar besluite.

Dankie vir u vennootskap met ons in ons bediening. Deur jou gebede en belegging vir elke persoon wat ons bereik vir Christus, het u ook vir Christus bereik!

Met groot waardering

Tinus en Lana Els

Kontakbesonderhede:
Tinus Els
E-pos: tinuse@cccsa.org.za
Sel: 0743344142

Lana Els
E-pos: lanae@cccsa.org.za
Sel: 0845797669